

KOERSVAS

Jaargang 1 Uitgawe 21 9 Augustus 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Geloofsbondvergadering

Die Bondsvergadering het minder as twee weke gelede ten einde geloop. Die vergadering staan uit as 'n byeenkoms waartydens talle ingrypende besluite geneem is, telkens met konsensus, en dit alles in twee dae. Daar kan oor talle aspekte van die vergadering redaksionele kommentaar gelewer word.

Dit is die verandering wat met die vergadering gepaard gegaan het, wat eerstens uitgelig moet word. Na die *ultra vires* aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV, het 'n lang pad van teenstand en konfrontasie begin. Dit was vir baie ampsdraers 'n beginselsaak dat so 'n besluit nooit geneem mag word nie. So 'n besluit loop parallel met 'n lyn van teologiese denke wat reglynig staan teenoor alles wat die NHKA oor die jare geglo en bely het. So 'n besluit is net moontlik binne die **Bevrydingsteologie**. Die optrede van beginselvaste ampsdraers en lidmate het telkens die grimmigheid van die KommAKV ontlok. Tydens die BAKV is selfs die versoek rondom modaliteite summier verwerp. Almal binne die sH beweging is gedreig, geïntimideer, gevra om te bedank en ernstig belaster. Toe hierdie viktimisasie te erg geword het, het sekere gemeentes gekies om eerder saam met hulle predikante uit die NHKA te tree en vrede na te streef. Hulle het gekies om kerk te

wees, net nie meer onder die leiding van die KommAKV nie. Dit het 'n moeilike tydperk vir hierdie Selfstandige gemeentes ingelei. Daar was soveel onsekerheid, soveel sake waarvoor hulle nou self moes besluit. Die gemeentes moes groep-alleen staande bly. Gemeentes het by mekaar aangeklop om hulp, raad en bystand. Meer as een keer is die versoeking van 'n nuwe kerk stig, weerstaan. 'n Nuwe kerk beteken weerstrukture en daarmee saam die gevaar dat gemeentes hul nuutontdekte eie verantwoordelikheid vergeet of verloor. Die stigting van die Geloofsbond in Januarie 2013 was 'n klein deeltjie van die tuiskoms van hierdie Selfstandige gemeentes. Daar was steeds vele uitdagings. Die eerste Bondsvergadering het 'n klomp van die onsekerhede uit die weg geruim. Gemeentes het hul selfstandigheid behou, maar ook op talle vlakke hande gevat. Vir baie lidmate was dit ook 'n bevestiging van hulle eie identiteit. "Ons is lidmate van gemeente XXX wat lid is van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes". Hierdie verwikkeling dui op die einde van die stryd en die begin van bou. Gemeentes weet dat elke gemeente kerk in eie reg is en dat die band wat hulle aan ander gemeentes bind, 'n geloofsband is. Hierdie Geloofsbond is ook in lyn met die implikasie van dit wat elke Sondag bely word; *Ons glo een heilige, algemene*

kerk, gegrond op die leer van die apostels.

Gemeentes word deur die **geloof in die suiwer leer** aan mekaar gebind, maar ook aan die **kerk van alle eeue**. Die verwysing na Hervormde gemeentes bevestig ook die **reformatoriese klem** van hierdie bond. Dit was 'n lang en moeilike worsteling, maar die eerste tekens van rustigheid is belowend. Die dankwoord van ds Freek van der Merwe moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Teen die einde van die vergadering het ds Freek sy dank uitgespreek teenoor die predikante wat ten spyte van die risiko daaraan verbonde, bereid was om voor te loop. Hy het Drr Malan Storm, André Botma, Johan Otto, Dss Rudi Schoeman, Frans Oosthuizen. Gawie Wolmarans en Frans Marais uitgesonder vir hulle waagmoed en bereidheid om vas te staan. Hulle het alles op die spel geplaas en op eie koste vêr en wyd gereis om alle lidmate op hoogte kry en vergaderings deur gemeentes self gereël, toe te spreek.

NUUSBROKKIES

- Die gemeentelike Bybelvasvrae het hierdie jaar by Grootvlei plaasgevind. Theresapark se laerskoolgroep asook hulle hoërskoolgroep het hulle kategorieë gewen, terwyl Grootvlei se volwasse groep koning gekraai het in die ope afdeling. Almal is dit eens dat daar lekker gekuier is en dat die geleentheid suksesvol afgeloop het.
- Die komitees wat tydens die Bondsvergadering benoem is, sal eersdaags byeenkom. Die gedagte is dat die vergaderings op een of twee aaneenlopende dae plaasvind om reiskoste en tydsbesparing aan die hand te werk.
- Koersvas, e-posse en die bakkiesblad (Facebook) sal bekend staan as voorkeur kommunikasiemiddels van die Geloofsbond. Die redakteurs van ons onderskeie publikasies en elektroniese media word aangewys

asook 'n mediakomitee om alle sake te beplan en te koördineer vir die mees doeltreffende manier van kennisgewing, beriggewing en inligting aan ons lidmate.

- Die name van die lede van die verskillende komitees sal mettertyd gekommunikeer word. Intussen stel ons graag die mediakomitee aan u bekend: Webblad: Tjaart vd Merwe, Bakkiesblad: Ds Faan Visser, Ds Gawie Wolmarans, Ds Arno Nieuwhof en Yvette Otto (sy is ook die redakteur van Lewensbrood). Redakteur Koersvas & Skietlood: Dr Johan Otto. Redakteur Koers vir Leer-en Lewenskewessies: Prof HG vd Westhuizen. Redaksielid: Ds Hardie Kotze.
- Die Bondsvergadering het besluit dat die gemeentes die ruimte skep vir vrouebediening om onafhanklik 'n eie struktuur daar te stel. Die vergadering nooi die Vroueaksie uit om verslag te doen tydens die jaarlikse Bondsvergadering. 'n Oorkoepelende bestuur bestaande uit Yvette Otto (Voorsitter), Ina Steenkamp (Visevoorsitter) en Lizette Schoeman (Sekretaris) is vroeër reeds verkies. Die oorkoepelende struktuur het ten doel om advies aan dames te gee en geleenthede tot samewerking (veral rondom barmhartigheidswerk) te skep. Hulle nooi gemeentes se dames uit om betrokke te raak by die Vroueaksie. Daar is geen verpligte uitbetalings nie.

KENNISGEWINGS

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta: **0826821252**
Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na

j.otto@telkomsa.net of na
admin@steadshervormers.co.za
vir opname in die volgende Koersvas.